25 November 2024

Omsendskrywe 10 van 2024

Aan: Alle werkgewers en lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

PENSIOENFONDSBESTUURDER: DS REHAN RHEEDER MIV 1 JANUARIE 2025

Ek het reeds per omsendskrywe met u gekommunikeer oor die nuwe Pensioenfondsbestuurder, Ds Rehan Rheeder, wat op 1 Januarie 2025 hierdie pligte oorneem.

Die Bestuurskomitee het tydens hul vergadering van 15 November, versoek dat ek weer sy kontakbesonderhede gee en ‘n kort beskrywing van sy pligte met u deel.

Ds Rheeder is tans voltyds in diens van Noordelike Sinode as saakgelastigde en dit gaan nie verander nie. Die Bestuurskomitee koop 30% van sy tyd uit by die sinode om die rol as pensioenbestuurder te vervul. Uiteraard gaan hy nie 100% van sy tyd aan pensioenfondssake kan afstaan nie en daarom is dit belangrik dat u weet wat sy kern pligte sal wees.

Hy sal hoofsaaklik koördinerend optree: alle telefoniese navrae en epos kommunikasie word steeds aan hom gerig. Hy sal sorg dat enige navraag, hetsy telefonies of andersins, hanteer word en na die korrekte persoon verwys word indien nodig. Hierin word hy bygestaan deur die volgende persone:

- Ilana de Witt: Die Fonds se konsultant (EFBC) oor fonds- en risikovoordele (proses by sterfte, aansoek om mediese ongeskiktheid, mediese vereistes en mediese vraelyste, voortsetting van dekking by aftrede en vrae oor die geskiedenis van die Fonds). ilana@efbc.co.za. Alta Spreewenberg (ook van EFBC) sal ook bystaan met hulp oor enige navraag waar nodig. alta@efbc.co.za
- Jaronet Brooks: die Fonds se kliëntediens bestuurder (Sanlam) oor web navrae, web opleiding, werking van die web vir uitdienstredes, aftredes, oorplasings, en ander administratiewe aspekte van die web. Jaronet.brooks@sanlam.co.za
- Annastacia Kok: die Fonds se kliëntediens bestuurder (Sanlam Groep Risiko) oor die begrafnisskema. Annastacia.kok@sanlam.co.za

NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds:
Deelnemend aan die Sanlam Sambreelfonds
Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

- Fanie van Vuuren: die Fonds se voorkeur finansiële adviseur (Graviton Wealth Management) vir aftredes, uitdienstredes en advies oor uitbetaling van sterfte- en ander voordele fanievv0106@gmail.com

Ds Rheeder sal ook namens die Bestuurskomitee kommunikeer en sal alle omsendskrywes vanaf 2025 aan u rig. Sy kontakbesonderhede (miv 1 Januarie 2025) is soos volg:

Telefoon: (012) 342 0415

E pos adres: rehan@pensioene.co.za (of, rehan@noordsin.co.za)

Adres van die kantoor: Steve Bikostraat 125B, Sunnyside, Pretoria

Vaarwel

Dit was ‘n besonderse voorreg om u te kon dien oor al die jare. Daar was groot besluite geneem – mens sou dit ook geloofsbesluite kon noem– om die Fonds sterk en veerkragtig te hou. Een van daardie besluite was beslis om die predikante en amptenare in een fonds saam te snoer. ‘n Ander dapper besluit was juis die aanstelling van Ds Rheeder in ‘n “30%” pos. Ons glo in hom en met die nodige ondersteuning, weet ons hy sal 100% van sy aandag gee in die tyd wat hy tot sy beskikking het.

Volgende jaar volg daar weer brawe besluite waarvan die inwerkingtreding van die “trauma dekking” waarskynlik een sal wees.

My aftrede is om die draai, by wyse van spreke en maar net nog een lewensfase waardeur ek moet gaan en ook u, binnekort (dit kom in ‘n oogwink!).

Baie dankie vir u ondersteuning, vriendelikheid, gulhartigheid en gebede.

Mag u ‘n geseënde Kersfees beleef.

TP Smith

TP SMITH

PENSIOENBESTUURDER